

## "LITERÊRE ANALISE VAN DIE NUWE TESTAMENT"<sup>1</sup>

J. Swanepoel

Departement Latyn, PU vir CHO

### ABSTRACT

In this article issues surrounding the various methods of analysis of the New Testament are discussed from a literary-theoretical angle. The focus throughout is on epistemological and methodological issues.

The point of departure is that a literary-theoretical approach implies that a study has to be made of the conditions governing literary communicative processes, and of how meaning is generated in these processes. In an analysis of the title of this article, attention is directed to various views of science, of the truth and of literature. Some perspectives are offered on the issue of why a study of various methods of analysis of the New Testament is topical now.

Subsequently various trends in literary theory are explicated and schematized. This is done against the background of questions as to a) how meaning is generated in the process of literary communication; and b) which methods are used by readers in this process. The problems surrounding the status of the text and those of multiple meanings are discussed.

The role played by the presuppositions of the scientist, his stating of his questions, and his methods, in the attainment of the eventual results are all illustrated.

<sup>1</sup> Lesing gelewer voor die GNTWP op 2 Augustus 1985. Om redes wat in die loop van die stuk duidelik sal word, is besluit om die mondelinge aanbiedingsvorm van die voordrag te behou.

Finally some perspectives are offered as to what happens in the textualising of an event, and an attempt is made to enlarge a specific view of the truth (viz., that something is true when it has happened). It is indicated that a literary study should pay serious attention to the processes of reading and writing.

## 1. VOORAF

1.1 Ek is nie 'n teoloog nie, ook nie 'n Nuwe-Testamentikus nie. Daarom sal u begryp dat ek verras was toe u my genooi het om aan hierdie seminaar deel te neem. U sal ook begryp dat ek begrip het vir Daniël in die leeu kuil. My aanvanklike reaksie was een van heelwat entoesiasme en enkele bedenkinge. By die voorbereiding van hierdie voordrag het my entoesiasme nie gekwyn nie, maar het my bedenkinge vermenigvuldig. Ek moes my afvra of iemand wat nie teoloog is nie, iets sinsvol aan vakmanne kon sê wie se jarelange bestudering van die Nuwe Testament en veral van die sekondêre literatuur daarvoor soveel intensiewer as die van die spreker is.

1.2 Gelukkig vir my is die Bybel wel 'n teks of dan 'n versameling tekste, en ek hou my besig met die bestudering van tekste. Daarom sou 'n literator wel iets kon bydra waar u hier besin oor metodes van teksontleding. Die feit dat die bestudering van die Bybel in die laaste jare al hoe meer op 'n interdisiplinêre basis aangepak is en dat, afgesien van teoloë, ook linguïste, literatore, filosowe, historici en andere elk hul eiesoortige bydrae tot die groei van wetenskaplike kennis oor die onderwerp gelewer het, het daartoe bygedra dat ek hierdie uitnodiging aanvaar het. Marshall (1979:11) wys tereg daarop dat baie van die probleme wat in die interpretasie van die Nuwe Testament aan die orde kom, nie eiesoortig is aan die Nuwe Testament nie, maar ook in ander wetenskappe figureer.

1.3 Omdat, soos ek later sal betoog, leserskontekste baie belangrik is by die manier waarop 'n teks gelees en verstaan word, sal ek my eie kontekste eksplisiet stel:

- ek lees die Bybel as 'n gelowige

- in hierdie voordrag poog ek om sekere wetenskaplike perspektiewe te bied op die (literêre) lees van die Bybel.

Die soort sake wat ek aan die orde sal stel, hang na alle waarskynlikheid saam met my belangstelling en skoling. Dit vloei voort uit

- 'n belangstelling in kenteoretiese oorwegings
- 'n belangstelling in die linguistiek, en
- in verskillende literêre teorieë, en les bes
- my filologiese skoling.

## 2. DIE TITEL

2.1 Die titel van my voordrag is "Literêre analise van die Nuwe Testament". Die organiseerders van hierdie seminaar het my egter die reg gegee om hierdie tema wyd te interpreteer. Daarom moet u dit as 'n voorlopige titel beskou.

Titels skep verwagtinge. Een verwagting wil ek onmiddellik die nek inslaan: indien u sou verwag dat dit in hierdie lesing sal gaan oor chiasmes, hyperbaton en 'n boel ander stilistiese "trimmings", dan gaan u verwagting deurbreek word. Waarom ek dit nie op hierdie manier aanpak nie, is omdat ek dit nie eens is met die relegering van literêre analise tot stilistiese analise nie, met die identifisering van "literêr" enkel en alleen met die verpakking waarin 'n boodskap tot ons kom, as die heuning om die pil, as iets wat miskien wel nie onbelangrik is nie, maar wat beslis hiërargies ondergeskik is aan die inhoud wat weergegee wil word. Die onderskeiding (en dikwels: die skeiding) van vorm en inhoud, en die daarmee gepaardgaande hiërargisering van inhoud as die primêre en vorm as die sekondêre, of andersom, dra nie veel by tot ons insig in die verstaan (ook die literêre verstaan) van die Bybel en ander tekste nie. Hiermee gee ek nie te kenne dat hoe 'n teks gestruktureer is 'n saak van mindere belang is nie, maar het ek dit teen 'n opvatting van literêr as die blote eksterne kleed waarin die essensiële inhoud tot ons kom.

2.2 'n Literêre benadering sny meer aan as bloot 'n bestudering van tekste. My benadering tot wat "literêr" sou wees, sal duideliker word as daar in gedagte gehou word dat daar in die laaste dekades 'n al hoe duideliker onderskeiding tussen literêre kritiek (sg. "practical criticism") en literêre teorie ("theory of literature" of "poetics") ontwikkel het. Waar eersgenoemde hom besig hou met 'n (gewoonlik induktiewe) bestudering van (enkel-)tekste om te kom tot 'n interpretasie en soms ook 'n literêre waardering daarvan, gaan dit in 'n literêr-teoretiese benadering om 'n ondersoek na die voorwaardes wat aan literêre kommunikasie ten grondslag lê en om die ondersoek van die dieperliggende prosesse en sisteme wat aan betekenisproduksie ten grondslag lê. Ietwat eksakter: dit gaan om literêre 'posesse' en hoe betekenis daardeur gegeneer word. Kortom: 'n literêre benadering het te doen met die ondersoek van die voorwaardes van skryf en lees, met die aard van tekstualisering en van sinmaking.

Hieruit behoort dit duidelik te wees dat my toespitsing in hierdie voordrag sal wees op die filosofiese en teoretiese voorvrae wat ter sake is wanneer tekste gelees word. Dit lê myns insiens in die sentrum van 'n literêre benadering, en nie aan die periferie daarvan nie.

Jonathan Culler (1975: viii in Hawkes, 1983:158) stel dit baie goed wanneer hy sê dat daar 'n behoefte is aan " ... a poetics which strives to define the conditions of meaning. Granting new attention to the activity of reading, it would attempt to specify how we go about making sense of texts, what are the interpretive operations upon which literature itself, as an institution, is based".

2.3 Noudat u weet wat my opvatting oor 'n literêre benadering is, sal ek probeer om dit te verknoop aan ons seminaartema. Dit wil vir my voorkom of sekere tradisionele teoretiese aannames oor die bestudering van tekste (en die metodes wat daarmee gepaard gaan) 'n ernstige knou toegedien is en selfs heeltemal ondergrawe is deur insigte wat verwerf is in die linguistiek, literêre teorie en die semiotiek in die algemeen. Ek sal poog om aan u as konserwatiewe teoloë sekere probleme uit te wys wat gekristalliseer het na aanleiding van ontwikkelinge in die dissiplines wat hierbo genoem is. Omdat hierdie probleme nie pseudoprobleme is nie, sal u vir uself rekenskap moet gee van watter implikasies hierdie insigte

vir u wetenskap en die metodes wat daarin gebruik word inhou. Terselfdertyd wil ek by voorbaat stel dat nie al die konsekwensies wat voortvloei uit hierdie nuwe insigte waarsynlik ewe verteerbaar en aanvaarbaar vir alle teoloë sal wees nie. Ons staan dus as 't ware tussen twee wêreldes: 'n oue wat verbygegaan het en 'n nuwe waarin ons nog tas-tas ons weg moet probeer vind. Om maar voort te gaan asof hierdie ontwikkelinge geen implikasies vir die bestudering van die Nuwe Testament inhou nie, sou kortsigtig wees.

### 3. DIE TITEL: ENKELE LESINGS

As voorstap tot 'n besinning oor die vraag waarom die saak van metodes juis nou in die sentrum staan, sal dit lonend wees om ons seminaartema en die tema van my lesing onder die loep te neem.

3.1 Die oorkoepelende tema van hierdie seminaarreks is "Metodes van teksontleding soos toegepas op die Griekse Nuwe Testament". In hierdie formulering is daar 'n paar belangrike komponente wat nadere aandag verdien, en ook sommige wat juis deur die feit dat hulle nie in die tema figureer nie, eweneens uitgelig behoort te word.

3.2 In hierdie seminaarreks gaan dit nie sommer oor 'n 'gewone' lees van 'n teks nie, maar om 'n indringender soort lees. Dit kan afgelei word uit die feit dat daar van "teksontleding" sprake is. Ons ontleed of analiseer gewoonlik slegs tekste wanneer ons reken dat dit die moeite werd is om die onderhawige teks te analiseer, dit wil sê, wanneer ons van mening is dat analise van 'n teks daartoe sal bydra dat ons dit beter sal verstaan. Gewoonlik, hoewel nie altyd nie, word tekste ook net geanaliseer as hulle redelik kompleks is. Ons ondersoek val dus binne die kader van 'n wetenskaplike ondersoek, aangesien analise (die uiteenhaal van 'n teks) tipies is aan 'n wetenskaplike benadering.

3.3 Wanneer ons egter oor "wetenskaplike ondersoek" of dan oor "wetenskap" praat, moet ons in gedagte hou dat wetenskap nie iets enkelduidigs of eenvormigs is nie. Wetenskap is nie maar "'n feit soos 'n koei" (Louw, 1958) nie. Hoe ons wetenskap bedryf, watter metodes ons in die wetenskap gebruik en wat ons met die wetenskap wil bereik,

hang ten nouste saam met die wetenskapsopvatting wat 'n wetenskaplike of 'n groep wetenskaplikes huldig.

Op die gevaar af dat ek oorvereenvoudig, wil ek die aandag slegs op twee sulke wetenskapsbeskouings vestig, naamlik 'n wetenskapsbeskouing waarin die objek in die sentrum staan en een wat georiënteer is aan die kensubjek.

Die eerste benadering, wat in die lyn van die positivisme en neo- of logiese positivisme staan, streef na die verwerwing van objektiewe kennis oor 'n verskynsel. Daar word onderskei tussen die sogenaamde "context of discovery" (waar die kensubjek uit die aard van die saak 'n belangrike rol speel) en die "context of justification", waar subjektiewe oorwegings nie in die spel (moet) kom nie. Die klem is veral op wetenskap as resultaat, en nie op wetenskap as 'n menslike, sosiale handeling nie. Dit gaan hier veral om "justification".

As kennis objektief sou wees, dan het dit uit die aard van die saak 'n hoë status en 'n vastigheid en permanensie, omdat dit nie uitgelewer is aan die wispelturigheid van die kensubjek nie. Trouens, die hoë status van wetenskaplike kennis hang direk daarmee saam dat die inbreng van die kensubjek (glo!) uitgeskakel is.

Hierdie tipe wetenskapsbeskouing is 'n ernstige knou toegedien deur die sogenaamde "Historiese Skool" in die wetenskapsfilosofie, wat meer oog het vir die hele wetenskapsproses of handeling van wetenskapsbeoefening. Wetenskap word gesien as iets histories, wat ook die merktekens van sy historiese kontekste dra. Wetenskaplike kennis is voorlopig en is in beginsel onderhewig aan verandering. In hierdie wetenskapstradisie word klem gelê op die voorveronderstellings en beskouinge van die kensubjek, op die paradigma waarbinne die wetenskaplike sy wetenskaplike arbeid verrig en op die sosiale, historiese, intellektuele en ander kontekste waarbinne wetenskaplike ondersoek funksioneer. Hier word daar nie gestreef na objektiewe, tydlose kennis nie, en, alhoewel die eise vir wetenskaplike kennis uiteenlopend gedefinieer kan word, word daar gewoonlik 'slegs' gestreef na intersubjektiewe toetsbaarheid van wetenskaplike uitsprake.

Alhoewel dit weer eens 'n oorvereenvoudiging is, wil dit my voorkom of twee uiteenlopende waarheidsbeskouings agter elk van hierdie wetenskapsbenaderings blootgelê kan word, naamlik

- die korrespondensieteorie van waarheid, waarvolgens 'n uitspraak/stelling waar is wanneer dit in ooreenstemming met die feite is, met hoe dinge werklik en wesenlik is;
- die koherensieteorie van waarheid, waarvolgens 'n uitspraak waar is wanneer dit samehang vertoon met 'n reeks ander uitsprake.

Hierdie waarheidsbeskouings het albei problematiese fasette. Wat die eerste betref, is die vraag eenvoudig: hoe stel ons vas hoe iets "werklik" en "wesenlik" in ooreenstemming met die feite of ware toedrag van sake is? Anders gestel: bestaan kennis los van die kensubjek? Wolterstorff (1976:24-53) het die gebreke van 'n "foundationalist approach" goed uitgelig, en ek kom later terug daarop (kyk p.298).

Die tweede se probleem is dat verskillende stelle uitsprake koherent kan wees; dat daar verskillende koherente waarhede kan wees. (Lig kan byvoorbeeld beskryf word as 'n golf of as 'n partikel).

My eie wetenskapsopvatting vind aansluiting by dié van die Historiese Skool en my waarheidsopvatting by die van die koherensieteorie. Dit beteken dat ek groot klem lê op die kensubjek in sy ontsluiting van die kenobjek, en wel (as beperking) binne 'n sisteembenadering.

3.4 'n Volgende belangrike begrip in die seminaartema is "metodes", iets wat ek in die lig van "teksontleding" lees as "wetenskaplike metodes". Wat vir ons doel belangrik is, is dat kennisverwerwing nie direk geskied nie, maar binne 'n bepaalde paradigma of teoretiese raamwerk, met bepaalde teoretiese aannames, en met gebruikmaking van sekere metodes. Sonder om hier lank uit te wei oor metode, metodiek en metodologie, kan ons gewoon stel dat 'n wetenskaplike metode 'n weg is waarlangs ons tot kennis probeer kom: dit is as 't ware die gereedskap wat die wetenskaplike gebruik om insig te verwerf.

Verder wil ek daarop wys, iets wat ek elders beredeneer (kyk Swanepoel, 1984(a) en geïllustreer het (kyk Swanepoel, 1984(b)), dat metodes nie los staan van die teoretiese raamwerk waarbinne dit aangewend word nie, en dat 'n onkritiese eklektiese gebruik van metodes - so op die trant van "the more the merrier" - gevaarlik kan wees. Dat metodes "teoriegebonde", of miskien versigtiger geformuleer "teorieverwant" is, kom nie so duidelik in die geformuleerde tema na vore nie.

3.5 Dat daar sprake is van "metodes van teksontleding", dui daarop die teks volgens die opvatting van die formuleerders van hierdie tema 'n sentrale plek beklee. Hiermee wil ek nie twis nie, aangesien die teks die knooppunt van die (literêre) kommunikasiegebeure is (kyk Botha, 1986:273). Tog sou ek dit ietwat wou nuanseer deur daarop te wys dat vir kennisverwerwing oor tekste, benewens 'n teks ook 'n kensubjek aanwesig moet wees. En dit sou inderdaad ook afgelees kon word uit die formulering van die tema, omdat metodes van teksontleding natuurlik aangewend word deur wetenskaplikes. Waarop ek egter wil wys, is dat indien die klem eensydig op die teks gelê word, dan is die enigste geldige probleem in die literatuurwetenskap dié van die interpretasie van tekste, iets wat wel 'n geldige opgawe is, maar beslis nie die alfa en die omega van literatuurstudie is nie, soos Culler (1981) in "The pursuit of signs" aangetoon het, toe hy sy eerste hoofstuk "Beyond interpretation" genoem het.

3.6 Die area waarop die metodes toegepas word, is die "Griekse Nuwe Testament". Soos in die geval van "wetenskap" het ons hier eens nie te doen met 'n waarheid soos 'n koei nie. Lesers se teksbeskouings sal hierdie bepaalde tekste byvoorbeeld kan klassifiseer as

- die "spreek van God tot mense"
- die "praat van mense oor God" (kyk Coetzee, 1984:19)
- of, om die aanhaling 'n bietjie te rek, "opium vir die volk".

Wat ek hiermee wil sê, is dat ons teksbeskouing 'n deurslaggewende rol speel in hoe ons met 'n teks besig is, en dat dit daarom belangrik is om hierdie beskouings te eksplisiteer.



Dat daar melding gemaak word van die Griekse Nuwe Testament, het benewens identifikasie waarskynlik ook te doen met 'n hiërargisering: Grieks, omdat dit die taal is waarin die oorspronklike geskryf is en die betekenis van die teks die beste daaruit ontsluit kan word, en nie byvoorbeeld "Afrikaanse" nie, omdat dit 'n vertaling is en kodewisseling kommunikasieversteuring veroorsaak. Ek sal hierdie punt later weer aan die orde stel (kyk p. 322). Die formulering toon egter aan dat die spesifieke taalkode belangrik geag word.

3.7 Dit bring ons by die formulering van die titel van my voordrag, naamlik "Literêre analise van die Nuwe Testament". Ook "literêre analise" is nie iets eenduidigs nie, maar lewer blyke van sekere versweë voorveronderstellings. As ons "literêre analise" opneem as (a) 'n literêre manier van analiseer, of (b) 'n analise van literêre tekste, dan hou dit in dat literêre analise onderskei kan word van ander soorte analises, en in geval van (b) dat literatuur of literêre tekste onderskei kan word van nie-literêre tekste.

Twee sake is vir ons doel belangrik:

(i) Die ensiklopedie van die literatuur word in verskillende tydvakke verskillend "gevul". As ek vandag vir iemand sou vra wat hy onder literêre tekste klassifiseer, sal hy waarskynlik sê: poësie, romans, kortverhale en dramas. Die Romein sou egter verbaas wees om geskiedskrywing, redevoerings en briewe nie in hierdie klassifikasie aan te tref nie. Hierdie voorbeelde kan vermenigvuldig word. Histories beskou is dit dus nie so maklik om uit te maak wat "literatuur" of "literêre tekste" is nie: dit verteenwoordig nie 'n vaste kategorie nie.

Die metodologiese vraag ontstaan dan of die wetenskaplike as "literatuur" moet opneem dit wat volgens die klassifikasie van sy eie tydvak onder die begrip verstaan word en of hy die klassifikasie moet gebruik van die literêre sisteem wat gefunksioneer het toe die werk oorspronklik geskryf is. Wetenskaplikes verskil hieroor. Keneth Quinn (1979) kies byvoorbeeld in sy Romeinse literatuurgeskiedenis *Texts and contexts* vir die eerste benadering, terwyl ander literatuurhistorici weer die tweede benadering volg.

(ii) Hieragter lê 'n nog belangriker vraag. Is literatuur 'n bepaalde fenomeen wat in alle tydvakke en in alle kulture dieselfde eienskappe vertoon en dieselfde funksies het, en as sodanig 'n vaste ontologiese status het, of is "literatuur" dit wat deur 'n bepaalde gemeenskap in 'n bepaalde tydvak as "literatuur" beskou word. Die eerste opvatting is fenomenologies en a-histories; die tweede 'n historiese benadering wat "literatuur" aan (veranderende) konvensies verbind.

Ons verskuif vervolgens die fokus vanaf "literatuur" na "literêre analise". Hier beweeg ons nou op 'n ander vlak: dié van wetenskaplike analise van literêre tekste, literêre kommunikasieprosesse of hoe die wetenskaplike ookal sy veld van ondersoek afbaken.

Ons kan literatuur lees, geniet, ervaar, selfs daardeur meegevoer word, en dit alles sonder om 'n enkele literêre werk formeel te analiseer. Die sake lê (miskien) op die vlak van estetiese ervaring.

Met "literêre analise" staan ons binne die kader van 'n wetenskaplike bestudering van die literatuur. Wetenskaplike ondersoek het 'n teoretiese onderbou. Daarom kan verwag word dat teoretiese aannames of vertrekpunte in wetenskaplike navorsing geëksplisiteer sal word; dat daar besin sal word oor metodiese en metodologiese aangeleenthede.

Anders as "Die metode van Sintaktiese Struktuurontleding van J.J.J. van Rensburg" of "Die metode van gedagtestruktuuranalise van J.C. Coetzee" word "literêre analise" nie volgens 'n enkele metode beoefen nie.

Verskillende, dikwels nie met mekaar rymbare, metodes van literêre analise word deur verskillende teoretiese skole aan die hand gedoen oor hoe die literatuur of literêre prosesse kan (en behoort) bestudeer te word. Die verskillende metodes wat aan die hand gedoen word, hang saam met verskillende afbakenings van wat die ondersoekveld van literatuurbestudering is.

In die twintigste eeu is daar groot vordering gemaak op die gebied van literatuurbestudering. Die stelling is geldig vir sowel die literêre kritiek as die literatuurteorie. Dit is egter veral die teoretiese besinning oor literêre prosesse wat 'n al belangriker plek ingeneem het, in so 'n mate

dat algemene literatuurwetenskap tot 'n selfstandige wetenskap ontwikkel het. Trouens, ons het vandag met die ongelukkige situasie te doen dat die literêre kritiek en die literêre teorie antagonisties teenoor mekaar staan (kyk Ryan & Van Zyl, 1982:13-14).

As my formulering "die literatuurteorie" die indruk wek dat ons hier met 'n enkele opvatting oor die saak en funksionering van literatuur te doen het, moet ek die indruk onmiddellik regstel. Dit is byna 'n geval van "quot homines, tot sententiae". As ek sou sê dat die debatte tussen voorstanders van verskillende teoretiese benaderings 'n mens aan 'n slagveld herinner, dan sou ek wel 'n ietwat verslede metafoor gebruik, maar nie daarom ver van die kol nie.

Die vernaamste skole van ons eeu was die Russiese Formalisme, New Criticism, die literêre hermeneutiek, die Strukturalisme, die Resepsie-estetika en die Post-Strukturalisme (waaronder die Dekonstruksie tuishoort). Wat vir ons doel tersaaklik is, is dat die metodes wat gebruik word in literêre ondersoek ingrypend van mekaar verskil. Meer nog, selfs binne hierdie verskillende benaderings is daar baie opmerklike aksentverskille.

Uit my aanhaling van Culler se opmerking dat daar 'n behoefte is aan 'n " ...poetics which strives to define the conditions of meaning" (kyk p.290), sal dit u nie verras dat die teoretiese debat 'n baie sterk filosofiese inslag het nie.

Die bestaan van sulke uiteenlopende skole, elk met sy eie metodologiese opvattinge, het natuurlik gelei tot lewendige diskussie oor die fundamentele prinsiepe en doelstellings van die literatuurwetenskap, en metodologiese vraagstukke het in belangrikheid toegeneem. Van der Berg (1984:182) merk tereg op: "Metodologie word as nuwe ordenende prinsiep van metodes die fokuspunt van die navorser. Onder metodologie moet dus die bestudering en differensiering van verskillende metodes verstaan word, dit wil sê die teorie van metodes (metateorie) wat die verskillende prinsiepe van wetenskaplike navorsing en persepsie ondersoek en sistematiseer".

Om iets oor een en elk van hierdie skole se "metodes van teksontleding" te sê en dit dan as "literêre analise" op die Griekse Nuwe Testament te gaan toepas, lyk vir my na 'n onbegonne taak.

Hiermee sê ek egter nie "ikabod" nie. Ek beweeg slegs weg vanaf 'n toeligting van spesifieke literêre metodes na die teoretiese en filosofiese voorvrae wat aan literêre ondersoek ten grondslag lê.

### 3.8 WAAROM DIE KLEM OP METODEDES?

3.8.1 Voordat ons egter daarby uitkom, wil ek enkele opmerkings maak oor die vraagstuk waarom metodes van teksontleding juis nou so in die brandpunt staan, ook in die bestudering van die Nuwe Testament. Vanwaar die soeke na "a rigorous methodology"?

Een van die moontlike antwoorde op hierdie vraag is dat die ideaal van die bereiking van objektiewe kennis nog te aanloklik bly te wees; dat daar nog nie gebreek is met 'n fundamentalistiese wetenskapsbeskouing nie. Wolterstorff (1976:24) gee 'n goeie definisie van "foundationalism" wanneer hy skryf: "The classic theory of theorizing in the Western world is foundationalism. Simply put, the goal of scientific endeavor, according to the foundationalist, is to form a body of theories from which all prejudice, bias and unjustified conjecture have been eliminated. To attain this, we must begin with a firm foundation of certitude and build the house of theory on it by methods of whose reliability we are equally certain."

Dit is egter nie die enigste moontlike verklaring nie. Die besorgdheid oor metodes (in hierdie geval van metodes van die teksontleding van die Nuwe Testament), sou waarkynlik ook daarheen teruggevoer kan word dat daar in u vakwetenskap 'n reeks alternatiewe, maar moeilik of geensins met mekaar rymbare metodes aan die hand gedoen word waarmee daar met die teks omgegaan moet word ten einde "korrekte" resultate te verkry. Terwyl dit idealiter so behoort te wees dat die gebruik van dieselfde metodes vanuit dieselfde paradigmatische raamwerk noodwendig dieselfde resultate sal lewer, kan wetenskapshistories aangetoon word dat dit nie noodwendig die geval is nie.

3.8.2 Deur dit te sê, wil ek glad nie die belangrikheid van besinning oor metodes probeer afkraak nie. Intendeel. Watter nut het besinning oor metodes dan wel? Dit is moontlik hierin geleë: wanneer die metodes wat by wetenskaplike ondersoek gebruik word, geëksplisiteer word en wanneer die metodologiese oorwegings wat aanleiding gee tot die keuse van spesifieke (hierdie eerder as daardie) metodes, beredeneer word, verhoog dit die kontroleerbaarheid van wetenskaplike uitsprake. Nie alleen maak dit immanente kritiek moontlik nie (met ander woorde om vas te stel of 'n ondersoek in ooreenstemming met die aannames wat uiteengesit is, uitgevoer is); dit skep ook die moontlikheid vir gesprek en gevolglik vir transendentale kritiek. En daardeur groei die immer veranderende wetenskap.

3.8.3 'n Ander uitweg sou natuurlik kan wees om die belangrikheid van metodes sommer af te skryf. T.S. Eliot (in Hawkes, 1983:152) beweer byvoorbeeld (en dit in verband met die literatuur!): "There is no method except to be very intelligent". So 'n opvatting verraai egter "the principle of the innocent reader", en veronderstel voorts dat die intellek sonder die mediëring van voorveronderstellings gewoon die woorde op die bladsy konfronteer. En dit verraai weer 'n bepaalde ideologiese posisie (kyk Hawkes, 1983:153).

3.8.4 Dat metodestryd en besinning oor metodes simptomaties is van verandering of krisis binne 'n wetenskapstradisie, wil ek met twee aanhalings toelig. Ek waarsku u sommer by voorbaat dat u versigtig moet wees vir die tweede, want ek kom daarop terug. Nethersole (1982:147) skryf in haar bespreking van die literêre hermeneutiek: "... there is undoubtedly much truth in the widely held belief that hermeneutics gains in interest and emphasis in times of crisis, or to be more exact at those moments in history where established world-views flounder and the intellect finds it necessary to legitimise inherited traditions - as is the case with Gadamer - or to radically criticise them, as Habermas does". Die skakel met metode is natuurlik nie in die aanhaling eksplisiet nie, maar om te verstaan gebruik ons metodes.

My tweede aanhaling is uit die gedig, "The Second Coming" van William Butler Yeats (1978:211):

"Things fall apart; the centre cannot hold;  
Mere anarchy is loosed upon the world,  
The blood-dimmed tide is loosed, and everywhere  
The ceremony of innocence is drowned;  
The best lack all conviction, while the worst  
Are full of passionate intensity".

'n Laaste, sekerlik nie al te gewilde, opmerking wat ek wil maak oor die gemoeidheid met metodes, sal ek aan die hand van die formalisering van literêre metodes toelig, en dit dan by die teologie uitbring.

Die groter belangstelling in literêre metodes van die afgelope dekades vind plaas as gevolg van die opkoms van die linguistiek en die formalisering van linguistiese metodes. Kortom: dit ontwikkel as gevolg daarvan dat die tradisionele literatuurbestudering hom bedreig gevoel het en gevrees het dat dit deur suiwer linguistiese metodes verdring sal word. Ek haal Van der Berg (1984:182, met verwysing na Hauff e.a. I, 1972:1) in die verband aan: "Eers in die sestigerjare - en dit ook slegs as gevolg van die geweldige belangstellingsontploffing in die moderne linguistiek en die daarmee gepaardgaande eksistensbedreiging van die tradisionele literêre wetenskap - dring die besef deur dat metode, met ander woorde die wyse waarop deur wetenskaplike navorsing tot bepaalde persepsies gekom word, ook in 'n sisteem georden moet word".

'n Mens vra jou af of die teologie se belangstelling in metodes nie voortspruit uit 'n vrees dat 'n teologiese benadering en teologiese metodes besig is om verdring te word deur linguistiese en literêre metodes nie. Met ander woorde: 'n vrees dat die ancillae in die nuwe interdisiplinêre aanpak uiteindelik die gedaantes van dominae begin aanneem, en dit in die teologie wat eens as die regina scientiarum beskou is. Daarom wil dit vir my voorkom of die taak wat op u skouers rus, daarin geleë is om duidelik uit te wys in watter opsigte teologiese metodes verskil van linguistiese, literêre en historiese metodes, en om dan hierdie metodes te formaliseer en in 'n sisteem te orden.

#### 4. TENDENSE

4.1 Ek het netnou, heel onbehelpsaam, 'n rits teoretiese skole opgenoem, en gestel dat dit onmoontlik is om "n" literêre benadering vir u uiteen te sit. Ek wil dit egter nie by daardie lysie laat nie, en ek gaan probeer om vir u sekere belangrike tendense in die ontwikkeling van die literêre wetenskap aan te dui. Uit die aard van die saak sal ek baie moet vereenvoudig en skematiseer.

Die sake waaraan ek aandag wil skenk, is hoe dit in verskillende literêre skole daaraan toegaan ten opsigte van

- objektbegrensing
- die status van die teks
- die rol van die leser
- die 'setel' van betekenis

Ek sal hierdie skematisering aanpak aan die hand van 'n literêre kommunikasiemodel.

4.2 Omdat dit vir my in 'n literêre benadering daaroor gaan om die "conditions of meaning" te probeer vasstel, en omdat ontwikkelinge in die literêre wetenskap verband hou met vroeëre ontwikkelinge in die linguistiek, sal ek egter eers 'n kort excursus maak om ontwikkelinge in die semantiek en die linguistiek in die algemeen wat vir ons latere bespreking ter sake is, baie kripties en dus ongenuanseerd uiteen te sit. Waar betekenis hier sentraal staan, is dit net billik dat ek u daarop wys dat die semantiek nie verniet "die nagmerrie van die taalkunde" (en natuurlik nie net van die taalkunde!) genoem word nie.

4.2.1 In die loop van die geskiedenis het daar verskeie teorieë oor betekenis ontwikkel, waarvan ek slegs drie vir u wil noem, naamlik

- betekenis as referensie/verwysing: hiervolgens sou betekenis tot stand kom deurdat 'n taalteken verwys na 'n denotatum in die buitetalige werklikheid.
- betekenis as idee
- betekenis as iets differensieels: die betekenis van 'n taalteken word bepaal binne die taalsisteem waarin dit voorkom, dit wil sê na aanleiding van hoe 'n teken verskil van ander tekens binne dieselfde sisteem. Betekenis word hier nie verknoop aan 'n verbinding van die teken aan iets in die buitetalige werklikheid nie.

Hierdie opvatting oor betekenis is georden vanaf die minder geraffineerde tot die meer gesofistikeerde benaderings. Ek wil vervolgens hierdie opvatting gaan verknoop aan twee taalbeskouings, aan twee opvattinge oor die aard van benoeming, naamlik benoeming as 'n inventaris (of: taal as nomenklatuur) en benoeming as 'n sisteem (of: benoeming as iets differensieels).

Die vader van die strukturalistiese linguistiek, Ferdinand de Saussure, het reeds in die begin van hierdie eeu die klassieke opvatting oor betekenis in twyfel getref. Hy stel dit (in die vertaling van M.J.H. du Plessis, 1982:21) so: "Vir sekere mense is taal ... in sy wese nomenklatuur, dit wil sê 'n lys terme, wat ooreenstem met 'n gelyke aantal dinge ... Hierdie opvatting veronderstel kant en klare idees wat woorde voorafgaan". (Saussure, 1916:97 in Du Plessis, 1982:21).

Wat hieraan ten grondslag lê is die opvatting dat menslike denke aan taal voorafgaan, en dat dit onafhanklik van taal bestaan. Dit sou beteken dat woorde eintlik maar net etikette is wat die taalgebruiker aan spesifieke verskynsels in die werklikheid toeken. Dit sou ook impliseer dat daar een objektiewe werklikheid is wat deur verskillende mense in verskillende tale en in verskillende kulture presies dieselfde waargeneem word. Daar bestaan in die werklikheid iets soos 'n boom. In Afrikaans word dit 'n boom genoem, in Engels a tree, in Latyn arbor, in Duits ein Baum, ens. Op hierdie konkrete vlak vaar die beskouing van taal as nomenklatuur gewoonlik (alhoewel nie altyd nie, kyk Nida & Taber, 1982:21) nie te sleg



nie. Maar die probleem raak ingewikkelder wanneer ons weg beweeg van die konkrete vlak. Die vraag is nou: bestaan daar iets soos "skuld" en is verskillende kulture se opvatting oor "skuld" dieselfde? Is dit een en dieselfde 'ding', wat in verskillende tale net verskillende etikette het?

Vergelykende ondersoek toon dat dit nie die geval is nie.

In teenstelling met hierdie opvatting oor benoeming, beweer Edward Sapir, die Amerikaanse taalkundige, dat verre daarvan dat taal bloot etikette is wat aan verskynsels geheg word, taal die gebruiker daarvan se denke lei: "No two language are ever sufficiently similar to be considered as representing the same social reality. The worlds in which different societies live are distinct worlds, not merely the same world with different labels attached" (In Bassnett-McGuire, 1983:13).

Teenoor die opvatting van taal as nomenklatuur, wat die verhouding tussen naam en ding baie simplisties voorstel, staan die opvatting dat 'n taal die werklikheid op 'n manier wat eie aan hom is segmenteer, en dat hierdie segmenterings of "snitte" van taal tot taal verskil. Lank voor Sapir en Whorf, het W. von Humboldt reeds in die negentiende eeu 'n ander opvatting oor die verhouding tussen taal en werklikheidservaring gehuldig, toe hy taal gesien het as 'n aktiewe beginsel wat 'n vaste stel onderskeidende waardes op die denke afdwing. Die besondere taalsisteem bied aan sy gebruikers 'n prisma waardeur hy die nie-linguistiese sisteem moet beskou (kyk Du Plessis, 1982:26).

Verre daarvan dat taal net "a bag of words" is (Harris, 1954 in Du Plessis, 1982:24) wat taalgebruikers aanwend om sake te etiketteer, skep taal dus eintlik die mens se opvatting en begrip van die sogenaamde objektiewe werklikheid.

Sover dit benoeming aangaan, beteken dit dat terme hul betekenis kry deur hul verhouding met ander terme in die sisteem en nie in die eerste plek deur hul verwysing nie.

Die kardinale verskil tussen hierdie twee benaderings (daar is nuanses tussenin!) is dat volgens die eerste opvatting denke los van en voor taal

bestaan, dat taal bloot verpakking is, terwyl taal volgens die tweede opvatting 'n sisteem is wat ons denke modelleer.

Hierdie onderskeid het belangrike konsekwensies vir 'n literêre bestudering van tekste, aangesien literatuur beskou kan word as 'n sekondêre modelleringsisteem.

4.2.2 'n Tweede opvatting van Saussure wat vir ons belangrik is, raak die verhouding tussen signifiant (betekenaar) en signifié (betekende). Saussure toon aan dat hierdie verhouding arbitrêr is. Juis hieruit vloei voort dat betekenis as iets differensieels beskou word: 'n teken se betekenis is relasioneel tot ander tekens binne dieselfde sisteem, en nie soseer weens die verhouding van die teken tot die buitetalige of sogenaamde objektiewe werklikheid nie. In die literatuurwetenskap sou hierdie opvatting aanleiding gee tot 'n opvatting oor die selfreferensialiteit van 'n teks, of uiteindelik tot 'n vrye spel van betekenaars waar die signifiés opgehef word.

4.2.3 'n Derde belangrike onderskeiding, eweneens van Saussure, is die onderskeiding tussen langue (die abstrakte taalsisteem) en parole (spraak). Noam Chomsky, die vader die transformasionele generatiewe grammatika, werk later met 'n hieraan verwante onderskeiding, naamlik dié van competence en performance. Sowel die strukturalistiese linguistiek as die TGG probeer hoofsaaklik 'n abstrakte beskrywing van die onderliggende sisteem gee, eerder as van die manifestasies van dit wat deur die onderliggende sisteem gegenereer word.

Die onderskeiding tussen literêre teorie en literêre kritiek is verwant hieraan. Wat nou in die sentrum begin staan, is nie "literêre werke" nie, maar die onderliggende sisteem wat ten grondslag lê aan die voortbrenging van literêre tekste. Dit raak die vraagstuk wat die objek van die literatuurwetenskap is, direk.

4.3 Die uiteensetting wat ek in die vorige afdeling gegee het, is belangrik vir die latere oorsig oor waar betekenis volgens die opvattinge van verskillende literêre skole 'gesetel' is.

- Is die betekenis van 'n teks gelyk te stel met die bedoeling van die outeur?
- Is die betekenis te vind in 'n verhouding tussen die tekstekens en die buitetalige werklikheid?
- Is betekenis opgesluit in die selfreferensiële, outonome teks?
- Kom betekenis tot stand weens die verhouding waarin tekengebruiker en die tekens tot mekaar staan?
- Word betekenis aan 'n teks opgelê deur die interpretant?
- Is betekenis gelyk te stel aan 'n vrye spel van betekenaars?


Laat ek dit ook anders formuleer:

- Is daar 'n enkele, vasstelbare betekenis wat in die teks opgesluit is en waaraan die leser gebonde is?
- Word daar meerdere betekenisse deur 'n teks gegeneer? En as 'n teks polivalent is, staan sekere betekenisse sentraler as ander? Kan ek hierdie sentraler betekenis(se) vasstel deur die gebruik van sekere metodes?
- Kom betekenis tot stand deur 'n individuele aktualisering van die teks?

#### 4.4 INDELING VAN VERSKILLENDE LITERÊRE TEORIEË<sup>2</sup>

Weens die veelheid van literêre teorieë en die feit dat dit onmoontlik is om elk hier in detail te behandel, wil ek 'n sketsmatige indeling daarvan probeer maak aan die hand van 'n (literêre) kommunikasiemodel:

<sup>2</sup> Vir 'n vollediger uiteensetting, kyk Swanepoel 1984(a).



- 'n Eerste groep teorieë (wat veral voor die twintigste eeu gangbaar was) kan getipeer word as genetiese teorieë. Literatuur word bestudeer as iets wat gedetermineer is deur die outeur (psigologisme) of deur die tydsomstandighede waarin die werk ontstaan het. Die agtergrond van sulke teorieë is die positiwisme.
- 'n Tweede groep teorieë laat die klem val op die teks, wat dikwels beskou word as 'n selfreferensiële en outonome objek.
- 'n Derde groep teorieë lê klem op die reseptor in sy verhouding tot die teks. Die teks word gesien as 'n teken vir die leser.
- 'n Vierde groep teorieë lê klem op die teks, of die literêre kommunikasieproses se verhouding tot iets wat as van fundamentele belangrikheid in die werklikheid geag word (Marxistiese en sekere Christelike teorieë).

Strukturalisme, semiotiek en dekonstruksie verskaf 'n bietjie meer probleme, maar ek sal hulle probeer plaas in die latere uiteensetting.

Wat vir ons doel belangrik is, is dat die objek of ondersoekveld verskillend gedefinieer word in hierdie verskillende groepe.

- Die genetiese teorieë lê klem op die oorsprong van die teks.
- Die tweede groep beskou die teks as die ondersoekveld.
- Die derde groep neem die hele literêre kommunikasiehandeling tot objek, en veral die rol van die leser word beklemtoon.
- Die vierde groep benader die literatuur of literêre kommunikasieprosesse ideologies.

'n Baie karidnale vraag raak die status van die teks.

Sommige is van mening dat dit 'n spesifieke ontologiese status het, onafhanklik daarvan of dit gelees word of nie, terwyl ander van mening is dat 'n literêre teks eers werklik tot stand kom wanneer dit gelees word.

In hierdie verband is die Praagse strukturalis, Jan Mukařovský, se onderskeiding tussen artefak en estetiese objek baie insiggewend. Hy toon aan dat daar 'n enkele artefak (die teks, die materiële boek) is, maar verskillende estetiese objekte wat deur die leeshandeling geaktualiseer word. Die teks as artefak is dus hiervolgens slegs partituur, dit word eers deur die leeshandeling geaktualiseer.

Waar die New Critics die ouer benaderings met hul klem op "literary history" afgemaak het as "authors without texts", het Serge Doubrovsky (in Hawkes, 1983:154) daarop gewys dat New Criticism weer neig tot 'n benadering van "texts without authors". Ek gaan, as voorstap tot 'n vollediger skematisering van verskillende benaderings, 'n bietjie hierop voortborduur, en ook ander benaderinge so benoem (oorgangsfases of tussenposisies word in die diagram ingespring):

- \* authors without texts
- \* authors with texts

- \* texts with authors
- \* texts without authors
- \* texts with readers
- \* readers with texts
- \* readers or freely signifying texts

## 5. KENTEORETIESE OORWEGINGS

5.1 U sal merk dat die nuwer benaderings heelwat meer oog het vir die leser en die leeshandeling. Ek gaan vervolgens probeer om hierdie ontwikkeling nie net literêr-teoreties nie maar ook kenteoreties te beredeneer, want, soos u nou al goed weet, gaan dit in die literêre teorie om die vasstelling van die "conditions of meaning". Waarop ek spesifiek die aandag wil vestig, is die werking van voorveronderstellings in die kenhandeling, en aan die "rame"/raamwerke/kontekste wat ter sake is by kennisverwerking en verstaan.

5.2 Om die bespreking 'n bietjie meer konkreet te maak, verwys ek u na Marshall (1979:11-17) waar hy die hermeneutiese probleme illustreer aan die hand van Johannes 4:1-45. Hy bespreek verskillende interpretasies van hierdie gedeelte oor Jesus en die Samaritaanse vrou.

Hy probeer eers aantoon wat Johannes se bedoeling met die optekening hiervan was, en meen dat dit daarin geleë is om mense (nes die Samaritaanse vrou) tot geloof in Jesus Christus te bring.

As tweede moontlikheid toon hy aan dat ander uitleggers hierin lees hoe Jesus as pastor opgetree het om die mense tot bekering te bring.

Die derde interpretasie hiervan is Bultmann se eksistensialistiese uitleg, naamlik dat hierin gelees kan word hoe die mense tot selfbewussyn en 'n outentieke bestaan kom.

Marshall (1979:15), wat stel dat "... our aim is to discover what the text meant in the mind of its original author for his intended audience", beskou die tweede interpretasie tog nie as ongeldig nie,

alhoewel dit bo die bedoeling van die skrywer uitgaan. Of Bultmann se interpretasie legitiem is, is volgens hom debatteerbaar, maar dit is duidelik dat hy vrae daaroor het.

In sy uiteensetting onderskei hy tussen 'n "historical level" (dié van Johannes) en "the interpreter's level" (1979:15). In die geval van die tweede en derde interpretasie word die verhaal binne 'n ander raam gelees.

Afgesien daarvan dat om die die bedoeling van die outeur vas te stel oënskynlik in die interpretasie van die Nuwe Testament as relatief onproblematies beskou word (anders as in die literatuurwetenskap), is dit 'n baie kardinale punt dat, indien die betekenis van 'n teks die bedoeling van die outeur kan transendeer, dan word erkenning verleen aan die bydrae van die leser en dan ontstaan die moontlikheid van meerdere betekenisse, asook die probleem van hoe geldig verskillende lesings is. Op watter gronde word die tweede interpretasie aanvaar en die derde nie?

Indien 'n mens die probleem sou probeer ontduik deur slegs die bedoeling van die oorspronklike outeur te handhaaf, is (afgesien van die probleem van die vasstelbaarheid daarvan) die implikasie van so 'n benadering dat die Bybel uitsluitlik as 'n boek of hoeke van en vir sy tyd gelees moet word. En dit sou diegene wat vashou aan die bedoeling van die oorspronklike outeur waarskynlik nie wil hê nie.

Wat egter baie duidelik hieruit blyk, is dat die verstaan en interpreteer van tekste nie los staan van sekere voorveronderstellings nie, en ook nie van die rame waarbinne die interpreteerder die gedeelte plaas nie.

Ek keer nou terug na my aanhaling uit Yeats se "The Second Coming". As u verskillende besprekings van die gedig gaan nalees, sal u waarskynlik nêrens 'n lesing kry wat dit verbind aan die stryd tussen metodes en waarvan dit simptomaties is nie. En tog beteken die sitaat in sy nuwe konteks iets. Ek het dit bloot geplaas in 'n ander raam. As die betekenis van 'n taaluiting dan konteksgebonde

is, en ons die betekenis nie kan verskraal tot die bedoeling van die oorspronklike outeur nie, dan moet ons tegelykertyd toegee dat die moontlike kontekste of rame onbegrens is. En dit het implikasies vir die aantal betekenis wat 'n taaluiting kan hê. Dit toon verder dat die rol van die interpretant nie genegeer kan word nie.

## 5.2 VOORVERONDERSTELLINGS

Aangesien ek hierdie voordrag hou voor 'n gehoor wat nie alleen vertrouwd is met die ideaal van Christelike wetenskapsbeoefening nie, maar wat ook aktief daaraan meewerk, is dit sekerlik nie nodig dat ek hier hoef te betoog dat enige wetenskapsbeoefening uitgaan van voorveronderstellings nie. Ook by die lees van tekste is voorveronderstellings (bewustelik of onbewustelik) aanwesig. Dit is dan ook opmerklik dat diegene wat vroeër in die rustige vertrouwe geleef het dat hulle 'n voorveronderstellingslose wetenskap beoefen, tot ander insigte gekom het.

En as daar nog ongelowige Thomasse onder u sou wees, dan verwys ek u na die artikel van Stanton (1979:60-74), met wie ek dit tot 'n groot mate eens is, alhoewel ek meen dat hy in sy laaste afdeling nie die volle konsekwensies van sy uitsetting deurtrek nie.

Eerder as om voorveronderstellingsloos te probeer lees of verstaan - iets wat Lonergan (in Stanton, 1979:66) treffend "The Principle of the Empty Head" genoem het - en om sogenaamde tabula rasa 'n teks te benader, is ons eerste taak as wetenskaplikes om bewus te wees van ons voorveronderstellings en om dit eksplisiet te maak. Ek is dit roerend eens met Stanton (1979:61) wanneer hy skryf: "An examination of presuppositions must be the first step taken in scientific interpretation".

Wetenskaplike resultate (of dit nou dié van die teologie, die literatuurwetenskap, of watter ander wetenskap ookal is) berus op die soort vrae wat die kensubjek oor die objek vra. Bruce (1979:21-59) se artikel "The History of New Testament study" is in die verband insiggewend, omdat dit baie duidelik aantoon hoe verskillende soorte probleemstellinge en verskillende



voorveronderstellinge die resultate beïnvloed het. Beardsley (1977:iii) merk dan ook op: "In New Testament scholarship, insights, concerns, and positions may not change as much or as fast as they do in the natural sciences. But over the years they do change, and change a great deal, and they are changing with increasing rapidity". Ons moet dus oog lê vir die historiese ontwikkeling van die wetenskap, en hoe wetenskap deel uitmaak van die intellektuele klimaat. Die feit dat literêre ondersoek van die Bybel so lank links laat lê is, toon aan dat wetenskaplikes vir baie lank, tot met Jowett in 1860 (kyk Bruce, 1979:43), hierdie soort vraagstelling oor die Bybel nie as baie belangrik beskou het nie. Maar in die twintigste eeu, waarskynlik as gevolg van ontwikkelinge in die linguïstiek en literêre wetenskappe, lyk die prentjie anders.

'n Wetenskaplike vra egter nie net sekere vrae oor sy objek nie, hy doen dit in 'n bepaalde tyd en ruimte, in 'n sekere intellektuele konteks en vanuit 'n bepaalde perspektief. Die belangrike punt is egter: uit die soort vrae wat die wetenskaplike vra, kan sy voorveronderstellings afgelees word.

En wanneer ons voorveronderstellings van naderby bekyk, dan raak ons aan filosofiese probleme oor die aard van kennis. En soos Stanton (1979:60-61) opmerk: "A discussion of presuppositions has even wider implications: it is only a slight exaggeration to claim that the history of the church is the history of the interpretation of Scripture; the whole of church history revolves around the presupposition adopted in the study of the Bible in different times and in different circumstances".

As ons egter die werking van voorveronderstellings in die wetenskap erken, dan moet ons ook die konsekwensies daarvan onder oë sien.

Laat ek dit met 'n kort voorbeeld illustreer hoe 'n belangrike rol voorveronderstellings in die bestudering van die Bybel speel. Wat ek hiermee wil aantoon, is dat teologiese kennis, soos enige ander wetenskaplike kennis, nie kennis is waartoe gekom word sonder die mediërende werking van voorveronderstellings nie. Die interpretasie van die Bybel werk met 'sleutels', en hierdie sleutels is nie sommer

gegewenes nie: hulle het ook 'n sekere geskiedenis. As iemand die sentrale boodskap van die Bybel sou sien as

- skepping, sondeval, verlossing
- die verbond
- Heilsgeschiede (Cullman)
- regverdigmaking deur die geloof (Luther)
- verlossing deur Jesus Christus
- die Koninkryk van God
- bevryding

dan rig hierdie gekonstrueerde (en gereduseerde) perspektief die manier waarop hy die Bybel sal lees en verstaan. Ek betwis nie dat 'n saak vir elk van hierdie interpretasiesleutels uitgemaak kan word nie, en wel met vers en kapittel uit die Bybel gestaaf kan word nie. Wat ek wel wil sê, is dat so 'n abstrahering van 'n sentrale betekenis in die lig waarvan alles anders in die Bybel gelees moet word, 'n wetenskaplike reduksie is. Die wetenskaplike selekteer wat hy reken die belangrikste hooflyne in die Bybel is, en gebruik dit dan as 'n sleutel vir sy wetenskaplike bestudering van die Bybel: dit bepaal die soort vrae wat hy vra, die soort samehange wat hy sal ontdek en sy resultate in die algemeen.

En dit is presies op hierdie punt dat 'n standpunt of benadering wat wel die bestaan van voorveronderstellings erken, maar nog die objektiwiteit en altyd geldende aard van sy resultate wil waarborg deur aanspraak daarop te maak dat sy voorveronderstellings Bybels is, erg problematies word. Want wat "Bybels" is, staan ook nie los van voorveronderstellings en van 'n seleksie en ordening van gewens nie. Die locus classicus in die verband is hoe Luther se opvatting oor die sentrale boodskap van die Bybel sy lesing daarvan beïnvloed het. Omdat dit so 'n kardinale punt is, moet u

my 'n lang aanhaling van Bruce (1977:31) wat op sy beurt vir Luther aanhaal (en hom Engels laat praat) verskoon:

"But is there one basic biblical message? There is; Luther owed all that he was to his discovery of that message. The message was the gospel of justification by faith. There are some parts of the Bible which convey that message more clearly than others, and it is in the light of those parts that the others are to be read. As for certain biblical writings which seemed to contradict justification by faith, this was sufficient to put their canonicity in question.

In short, St. John's Gospel and his first Epistle; St. Paul's Epistles, especially those to the Romans, Galatians and Ephesians; and St. Peter's first Epistle - these are the books which show you Christ and teach everything which is necessary and blessed for you to know, even if you never see or hear any other book or teaching. Therefore in comparison with them St. James's Epistle is a right strawy epistle, for it has no evangelical quality about it.

It was not the authors who mattered in the last analysis; it was the content of their writings.

That which does not teach Christ is not apostolic, even though Peter and Paul be the teachers. On the other hand, that which does teach Christ is apostolic, even though Judas, Annas, Pilate or Herod should propound it.

Die gebruik van interpretasiesleutels sal sekerlik nie altyd tot so 'n ekstreme punt deurgevoer word nie. Maar dat dit 'n beslissende invloed het op hoe ons die Bybel interpreteer, kan kwalik betwis word, en ek vrees dat ons nie altyd genoeg oog het hiervoor nie.

## 6. 'N SKEMATISERING VAN BENADERINGS

6.1 U sal algaande agtergekom het dat die sentrale tese wat deur hierdie stuk loop, die opvatting is dat lees - en veral wetenskaplike lees - nie so eenvoudig is nie.

Ek gaan dit vir u in 'n skema probeer aantoon. Ek wil u vooraf gerusstel dat hierdie uiteensetting sal ly aan al die gebreke van skematisering, en wel omdat dit oorvereenvoudig, te oorsigtelik is, aan sisteemdwang ly en te min oog het vir historiese ontwikkelings.

Die skematisering is ook so ietwat te ambisieus, omdat ek probeer om nie net veranderings in literêre benaderings aan te stip nie, maar ook die bietjie wat ek weet van die interpretasieskole van die Bybel daarby te probeer inpas. Ons moet egter in gedagte hou dat alhoewel sommige veranderings in die literatuurwetenskap en die teologiese hermeneutiek verwant aan mekaar is, hulle tog nie identies is nie, omdat die faktore wat aanleiding gegee het tot die veranderinge nie altyd dieselfde was nie.

	(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)	(9)	(10)
LEES (1S)	ONPROBLEMATIES	REDELIK EENVUDDIG	NIE SO EENVUDDIG NIE SO MOEILIK	NIE EENVUDDIG NIE	VEREIS INKUEURIGE AANDAC	VEREIS INKUEURIGE AANDAC	KOMPLIEKS	KOMPLIEKS	KOMPLIEKS	SPEL (EN RENOUJSTIET)
	Wat is die probleem?	EK stel van wat die outeur bedoel het	EK lees die bedorling af uit die teks, van my toegangspoor tot die oorspronklike bedorling is	Outeur is nie meer vir my bereikbaar nie maar my bedorling - en ander betekenisse - is vansetelbaar, indien ek die regte hermeneutiese reëls toepas	EK moet die teks en net die teks lees	EK moet vansetel wat in literêre werk tot <u>literêre</u> werk maak	EK moet kennis neem van verhoudings en leerskodes	EK moet tekensproesse betoed	EK moet byk na onderliggende strukture en hul manifestasies	EK moet hierargie omkeer
	PASSIEVE ONTVANGS	ONTVANGS	EKSEKERE	INTERPRETASIE + ONTSLUITING	INTERPRETASIE	UITKENNING VAN TEKNIEKE	ONTSLUITING + AKTUALISERING	AKTUALISERING	BLOOTLEGGING VAN STRUKTURE	KONSTITUERING VAN 'N TEKST
ORIENTASIE-PUNT(E)		SENDER	TTKS	TEKS-LEAAR	TEKS	LITERARITEIT (saamgevoelsteer in teks)	LITERÊRE KONTREKASIEPROSESSE	TEKENSISTEEM VIR LESER	LITERÊRE PROSESSE	LITERÊRE PROSESSE (SPEL)
			← Teks v objek	met 'n ontologiese status	Outcome objek		← Teks	'n partituur		Selfreferensiaaliteit tot uiterste kombeueninge dringvoer
REKENIS-'SEFIE'	EK het nie daarvoor nagedink nie	EK kan betekenis vasstel	Sender is betekenis in teks van: betekenis in die teks	Betekenis in teks en in leser onafhanklik	Betekenis in struktuur van teks	Betekenis beweerkomstig deur verskillende tegniese vooropstelling	Betekenis gegeneer in interaksie van subjek met objek	Betekenis opgeleef deur tekensproesse: betekenis 'n differensiale aktiwiteit van tekens	Betekenis is differensiaal: tekens verskeie aktiwiteit van tekens	Voordeel van betekenis
AKTUALISERING	Een, meervoudlik	Een	Een	Heridre, maar sommige sentraler as ander	In die laaste instansie een	Heridre betekenisse (Janus)	Heridre betekenisse	Heridre betekenisse	Heridre betekenisse	Heridre betekenisse
BEWAARDING EN			Filologies-hermeneuties	Neo-hermeneuties	Fenomenologies	Rekonstruksie (Neo-hermeneuties)	Rekonstruksie (Neo-hermeneuties)	Semioties	Strukturalisties	Laat- of Post-strukuralisties
METODES	Gebruik 'n mens dan metode?	Metode?	Histories	(Goddelike) versameling van ture hoortonne in hermeneutiese stiel	"Close reading" van tekensproesse verbandformalisies	Nagaan van vooropstelling; formalisies	Rekonstruksie (saamgevoelsteer) (Janus)	Nagaan van tekens en kodes	Soek na onderliggende beginsel	Onkering van hierargie

ONSPRONG ←

RICHTING

WEG VAN ONSPROMG

EEN REKENIS

-15-

REKENISSE


6.2 As ek so na hierdie verwarrende (en moontlik ook verwarde) skema kyk, dan lyk dit vir my of tabelle (1) en (2) nie bruikbaar is vir 'n wetenskaplike lees van 'n teks nie, omdat die teoretiese aannames daarvan heeltemal ondermyn is. Ek dink eweneens dat baie min konserwatiewe teoloë hulle sal kan vind in (10), veral na aanleiding van die voorstanders van dekonstruksie se verset teen logosentrisme.

Laat ek dus probeer om iets wat reeds 'n oorvereenvoudiging is verder te vereenvoudig, en wel as 'n verdere uitbreiding van Doubrovsky se skematisering:

	Approaches	Methods	Concern
(1)	Authors without texts	Unproblematical understanding	Origin
(2)	Authors with texts	Reconstructive and historical methods	Representation
(3)	Texts without authors	Phenomenological methods	Objects
(4)	Readers with texts	Hermeneutic and semiotic methods	Scores
(5)	Readers	Deconstruction	Freedom

In hierdie geval lyk dit vir my of 2, 3 en 4 bruikbare benaderings vir bestudering van die Nuwe Testament is. Miskien is die heel beste om te kyk of ons 'n sisteembenadering kan vind waarin aan die drie benaderings reg sal geskied.

Die naaste wat ek nog hieraan gesien het, is Viljoen (1984:68) se model van 'n literêre sisteem:



Die sintaktiese komponent laat reg geskied aan die teksinterne verbande, die semantiese komponent aan die relasie van literêre kommunikasie met die werklikheid, en die pragmatiese komponent met die leser en wat van hom verwag word. Die feit dat die leserskode nie saamval met die senderskode nie maar tog dieselfde struktuur vertoon, is belangrik.

Maar daarmee sal ons kopseer oor metodes en metodologiese aangeleenthede vererger, omdat ons verskillende soorte getuienis sal moet sintetiseer en waarskynlik ook sal moet hiërargiseer.

Ook in hierdie ondersoek loop ons uiteindelik vas, alhoewel ons hier tog vordering gemaak het.

## 7. SKRYWE EN LEES

Wat oorbly is om iets te sê oor skryf, oor wat gebeur met tekstualisering, watter beperkinge en moontlikhede verband hou met die feit dat 'n teks 'n manifestasie van skryf is. 'n Tweede vraag wat hiermee saamhang, is: wat gebeur as ons lees?

### 7.1 SKRYWE

7.1.1 'n Uiters belangrike saak wanneer ons literêre kommunikasieprosesse wil bestudeer, is om te probeer om insig te verwerf in wat gebeur wanneer geskrywe word, en veral, in skrif (wat geskryf is).

Ruimtebeperkinge laat my nie toe om so indringend hierop in te gaan as wat ek dink nodig is nie. Daarom sal ek hierdie beskrywing afstem op 'n herdefiniëring en verruiming van 'n mens se opvatting van "geskiedenis" en "historisiteit".

7.1.2 Die Bybel word dikwels onderskei van ander tekste omdat dit waar is/sou wees. Laat ek u 'n anekdote vertel uit die tyd toe my dogtertjie in mev. Anna Cloete se kleuterskool was. Een van die kleuters het die onderwyseres gevra om "die storie van Noag" te vertel, waarop 'n ander kleuter soos blits die vraagsteller op haar plek gesit het: "Dis nie 'n storie nie, dis die waarheid". Hieruit wil dit voorkom of die tereg wysertjie dink: "storie = nie waar nie", of, andersom geformuleer: "iets is slegs waar wanneer dit histories waar is", met ander woorde: "dit is waar as dit werklik gebeur het". Hierdie opvatting lewe sterk by baie mense.

Meneer Viljoen, sal u aandag gee?

Ek dink ons stel alte maklik 'n teks ('n geskrewe dokument) gelyk aan 'n reële of fiktiewe gebeurtenis. Daar word nie genoegsaam ingesien dat 'n "historiese teks" nie geskiedenis is nie maar 'n skrywe van geskiedenis. Om iets van die tekstuele aard van 'n historiese teks te verstaan, moet ons aandag skenk aan skrywe en skrif.

Kom ons neem twee voorbeelde:

Meneer Viljoen, hiervoor gaan ek jou kry! ((Die referent haal 'n rewolwer uit en skiet mnr. Viljoen)).

Wat sopas gebeur het, lê op die vlak van gebeure. As iemand nou "'n geskiedenis" wil opteken van wat gebeur het, tekstualiseer hy



die gebeurtenis. Kom ons probeer "'n geskiedenis" van hierdie gebeurtenis, wat voor u oë afgespeel het, skryf.

Variant 1

"Meneer Swanepoel hou 'n lesing voor die GNTWP. Hy gee blyke daarvan dat meneer Viljoen hom irriteer. Hy sê: "Meneer Viljoen, sal u asseblief aandag gee?" Hy gaan so 'n entjie aan. Toe sê hy: "Meneer Viljoen, hiervoor gaan ek jou kry!" Hy pluk 'n rewolwer uit en skiet meneer Viljoen. Gelukkig was dit 'n speelgoedrewolwer".

Het die geskiedskrywer reg beskryf wat (werklik) gebeur het? Is dit "waar" en 'n "korrekte weergawe" van wat gebeur het?

Kom ons gaan nou verder.

Variant 2

"Meneer Swanepoel hou 'n lesing voor die GNTWP. Hy praat al meer as 'n uur lank. Terwyl hy praat, krap hy sy oor. Dit is warm in die vertrek. Die mat is vaalgroen. Die lig brand. Meneer Swanepoel sien dat meneer Viljoen rusteloos word en vra hom om aandag te gee. Terwyl meneer Viljoen sit en ginnegaap, luister mnr. X aandagtig, maar professor Y (wat reken dat die jong man die kluts kwyt is) staar op die notaboek voor hom. Die stoele in die vertrek is darem sag. By die aanhoor van die alte teoretiese en abstrakte lesing, dink student Z aan die soveel meer konkrete meisie wat hy die vakansie op Margate ontmoet het. Dotjie, dotjie, dotjie. Meneer Swanepoel merk op dat meneer Viljoen al weer aan die vroetel is. Hy pluk 'n rewolwer uit en skiet meneer Viljoen. Almal is verbaas. 'n Mens moet luister na 'n lesing."

Terwyl u daaroor dink hoe hierdie weergawe vaar, verstrek ek aan u die volgende een.

Variant 3

"Ek was bang my lesing is te teoreties. Omdat ek dink dat dit baie belangrik is dat die gehoor verstaan dat daar 'n verskil tussen 'n gebeurtenis en die skryf van 'n gebeurtenis is, spreek ek vooraf met Jan Viljoen af dat hy by die gee van 'n teken (wanneer ek my oor krap en hoes) moet begin verveeld lyk. Dan gaan ek hom eers vermaan. Die gehoor gaan wonder of dit nou werklik nodig was. By die tweede vermaning haal ek 'n speelgoedrewolwer uit en skiet Jan. Ek dink ek sal met hierdie uiteensetting die verskil tussen 'n gebeurtenis en die skrywe van 'n gebeurtenis kan illustreer."

Variant 4

"Die skoot klap. Daar heers vir 'n oomblik verwarring. Want die eienaardigste ding het so pas gebeur. Hy het ewe skielik, sommer so in die middel van sy voordrag, 'n rewolwer uitgepluk en vir Jan Viljoen geblaas."

Watter een van hierdie 'weergawes' is nou waar?

Ek kan nie hier in besonderhede ingaan op al die verskille tussen die 'weergawes' van die gebeurtenis nie. Ook nie op die baie ander moontlike variasies wat nog geskryf kan word nie.

Ek noem net vir u enkele dinge:

- Die vertelling van 'n gebeurtenis geskied vanuit 'n sekere perspektief, en dit kan uit verskillende hoeke beskryf word. Die eerste variant beskryf wat "meneer Swanepoel" doen, die derde wat "ek" doen.
- Die skrywer selekteer en orden gegewens. Slegs in die tweede variant word die kleur van die mat en die tyd waarop die gebeurtenis afgespeel het, beskryf. Let ook daarop dat ook in hierdie variant baie dinge uitgelaat word, byvoorbeeld hoeveel mense aanwesig was toe dit gebeur het.
- Die vertelling behou nie noodwendig die volgorde van gebeurtenisse nie. Variant 4 begin by die klap van die skoot,

en vertel daarna wat vroeër gebeur het. Dit is 'n tegniek wat spanning skep. Die leser wil weet wie geskiet is.

Om 'n skrywe van geskiedenis te word, word die gebeurtenis "getaal" of getekstualiseer. Die struktuur van 'n gebeurtenis en dié van taal is nie dieselfde nie. Wanneer die gebeurtenis taal (ingetaal?) word, dan kan dit slegs geskied volgens die 'reëls' van die taalkode. Ek kan tegelykertyd frons en praat, maar as ek dit wil tekstualiseer, dan moet ek, omdat taal lineêr is en woorde mekaar sekvensieel opvolg, die een skryf voor die ander.

Ek het hierdie gebeurtenis en die beskrywings daarvan baie kripties behandel. Die belangrikste dinge waarop ek wil wys, is dat:

- die beskrywing van 'n gebeurtenis op seleksie en ordening van gegewens berus en dat dit as sodanig reeds 'n interpretasie verteenwoordig;
- wanneer 'n historiese gebeurtenis getekstualiseer word, dan moet dit die 'reëls' volg van die kode waarin dit getekstualiseer word.

Kortom: die (be-)skrywe van 'n gebeurtenis, verteenwoordig 'n transformasie van daardie gebeure.

Geld hierdie oorwegings ook vir die Bybel? Voordat ons die vraag beantwoord, moet ons egter daarop let dat ons in my voorbeeld eers die gebeurtenis gesien het en eers daarna verskillende tekste wat 'weergee' wat gebeur het, gelees het. Wanneer ons die Bybel lees, gebeur dit natuurlik presies andersom: ons lees eers wat geskryf is en daaruit (re-/)konstrueer ons wat gebeur het. Wat ons lees as ons die Bybel lees, is die sujet (vertelling); ons moet die fabel (die geskiedenis) daaruit konstrueer. Die historiese gebeurtenis lê inderdaad op 'n abstrakter vlak as die beskrywing daarvan. En die (re-/)konstruering daarvan geskied aan die hand van tekste. En tekste is interpretasies.

'n Baie goeie voorbeeld om aan te dui dat ons in die Bybel nie net "geskiedenis" het nie, maar 'n skrywe van geskiedenis, blyk uit 'n vergelyking van Mattheus en Lukas se beskrywing van die bergpredikasia. Na kort inleidende gedeeltes deur die verteller, word Jesus self "aan die woord gestel". Die gedeeltes is geskrywe in die direkte rede. As ons nou eng histories daarna gaan kyk (dit wil sê: iets is waar as dit histories gebeur het, en 'n historiese geskrif is waar as dit 'n korrekte weergawe is van wat gebeur het), dan kan albei weergawes nie gelyktydig korrek wees nie. Voorts is dit baie duidelik dat die skrywers Jesus se uitsprake georden en geselekteer het. Mattheus se uiteensetting is baie langer as dié van die ander evangelieskrywers.

As ons hierdie geskrifte egter sien as 'n skrywe van geskiedenis, ontstaan hierdie probleem nie.

Ek wil dus stel dat insig in wat gebeur by tekstualisering ons kan behoed van die te eng opvatting dat iets slegs waar is as dit histories gebeur het. Dan staan of val die waarheid van die Bybel nie daarby of daar een of twee blindes by hierdie of daardie geleentheid was nie.

7.1.3 Na aanleiding van die verskille in die 1933- en 1983-Afrikaanse vertalings van die Bybel is dit seker nie nodig om te betoog dat vertaling interpretasie behels nie. Enige vertaler weet dit maar alreeds goed. Maar miskien gaan vertaling verder terug as wat ons dink.

Octavio Paz (in Bassnett-McGuire, 1983:38) maak die volgende interessante opmerking: "Every text is unique and at the same time it is a translation of another text. No text is entirely original because language itself, in its essence, is already a translation, firstly of the non-verbal world, and secondly, since every sign and every phrase is the translation of another sign and another phrase".

In die sitaat hierbo word die gebeure as 'n teken gesien, wat dan ver-taal word. As ons nou die Afrikaanse vertaling van die bergpredikasia lees, dan lees ons 'n vertaling van 'n vertaling (die

Grieks) van 'n vertaling (die Aramees wat Jesus gepraat het) wat 'n "ver-taling" van die gebeurtenis is.

7.1.4 'n Volgende opmerking oor wat gebeur wanneer geskrywe word, is dat die verhoudings tussen die 'komponente' in die kommunikasiehandeling anders is as by spraak. Ricoeur (1976:25-44) - met wie ek dit nie in alle opsigte eens is nie - behandel hierdie verandering. Die enigste faset daarvan wat ek hier wil uitwys, is dat wanneer ons 'n ou teks lees of bestudeer, dan is die outeur nie meer vir ons beskikbaar nie. Metafories gestel staan die teks dan op sy eie twee bene, wat hy natuurlik nie het nie. Vir (literêre) lees het dit 'n belangrike implikasie. As twee mense 'n teks verskillend interpreteer, dan kan hulle nie by die oorspronklike outeur gaan aanklop om uit te vind wat hy bedoel het nie. Waarmee ek gewoon wil sê: outeursbedoeling is 'n leserskonstruksie.

7.1.5 'n Laaste opmerking oor skrywe is dat die volgorde en komposisie van wat geskryf word, belangrik is vir hoe die leser lees. En nie alleen wat geskryf is nie, maar ook die sogenaamde "oop plekke" in 'n teks, wat deur die leser ingevul moet word en wat, soos Iser aangetoon het, kan funksioneer as sturingsmeganismes, kan daartoe bydra (kyk Viljoen, 1985:10-12).

## 7.2 LEES

Oor die lees van wat geskryf is, gaan ek heel kort en kragtig wees, en ek sal dit as 'n paar stellings formuleer:

- Lees is 'n aktiewe handeling, nie 'n passiewe ontvangs van betekenis nie.
- Geen leser lees tabula rasa nie, en voorveronderstellings speel (bewustelik of onbewustelik) altyd 'n rol by lees en dus by hoe ons verstaan. Die sogenaamde "innocent reader" is 'n illusie, en nie so 'n onskuldige een nie.

- Die leser lees nie a-histories nie, maar vanuit bepaalde kontekste (intellektueel, temporeel, ruimtelik).
- Die "rame" waarbinne 'n leser dit wat hy lees plaas, kan verskillende betekenis tot gevolg hê.
- Desnieteenstaande is lees myns insiens ook nie 'n heeltemal willekeurige handeling (so op die wysie van Barthes (in Hawkes, 1983:157) se "the work proposes, man disposes" nie), aangesien lees ten minste kennis verg van die reëls van die taalkode. Daarsonder kan die spel nie gespeel word nie. En dan het ek nog nie oor kennis van literêre en skryfkonvensies gepraat nie. Oor die ingewikkelde vraagstuk van teksweerstande ("textual constraints") sal ek my nie hier uitlaat nie.

## 8. TER AFSLUITING

Ter afsluiting wil ek enkele vrae ter diskussie stel en wys op 'n belangrike hiaat in hierdie uiteensetting.

### 8.1 Vrae:

- Moet die Nuwe Testament anders of eenders as ander tekste gelees word? Of moet dit eenders en anders gelees word?
- Gesien in die lig van die vraagstellende aard van wetenskaplike kennisvorming, en die belangrike rol wat voorveronderstellings daarin speel, moet ons ons afvra of aannames in die wetenskap vas en onveranderlik is. Fungeer dit as waarhede of as veranderbare vertrekpunte?
- Het ons al radikaal genoeg gebreek met 'n a-historiese, logies-positivistiese beskouing van die wetenskap?
- Skenk ons genoeg aandag aan die teoretiese voorvrae?

## 8.2 HIAAT

U sal waarskynlik almal gemerk het dat daar 'n belangrike hiaat in my uiteensetting voorkom. Dit is naamlik dat ek nie genoeg aandag geskenk het aan die verband tussen lewensbeskoulige (sogenaamde voorwetenskaplike) aannames en wetenskaplike aannames by die lees van die Nuwe Testament nie. Dit is 'n belangrike leemte maar is nie toevallig nie. Ek het dit bewustelik gedoen, juis omdat die klem gewoonlik anders gelê word. Daarom wou ek die saak belig van die kant van wetenskaplike aannames.

Metodes en besinning oor metodes kan ons help om beter te verstaan. En dit is belangrik om die Skrif te verstaan. As gelowiges moet ons dit egter nie nêr verstaan nie.

## BIBLIOGRAFIE

BASSNETT-McGUIRE, S. 1983. Translation studies. London and New York : Methuen. (New accents).

BOTHA, J. 1986. Die gereformeerde Skrifbeskouing en moderne metodes van verklaring van die Nuwe Testament. Koers 51:259-286.

BEARDSLEE, W.A. 1970. Literary criticism of the New Testament. Philadelphia: Fortress Press.

BERKHOF, L. 1971. Principles of Biblical interpretation. Sacred hermeneutics. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

BRUCE, F.F. 1977. The history of New Testament study. (In Marshall, H.I. ed. New Testament interpretation. Essays on principles and methods. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co. pp.21-59).

COETZEE, J.C. 1984. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (In Wetenskap en Woord. 'n Bundel voordragte saamgestel deur die Departement Wetenskapsleer.) Potchefstroom: PU vir

CHO. (Potchefstroomse studies in Christelike wetenskap. Reeks J 1, nommer 3, band 1.)

CULLER, J.D. 1981. The pursuit of signs. Semiotics, literature, deconstruction. London: Routledge & Kegan Paul.

CULLER, J.D. 1985. Structuralist poetics. Structuralism, linguistics and the study of literature. London: Routledge & Kegan Paul.

DU PLESSIS, M.J.H. 1982. Vertaling en werklikheidsvisie. *Literator* 3(1):21-33.

HAWKES, T. 1983. Structuralism and semiotics. London: Methuen. (New accents).

LOUW, N.P. van Wyk. 1958. Die lof van "waarhede soos koeie". (In 'n Wêreld deur glas - Benaderings van die literatuur II, pp.93-105. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.)

NETHERSOLE, R. 1982. Literary hermeneutics: a theory for understanding texts. (In Ryan, R. & Van Zyl, S. eds. An Introduction to literary theory, pp. 147-160. Johannesburg: Ad. Donker)

NIDA, E.A. & TABER, C.R. 1982. The theory and practice of translation. Leiden: Brill. 218p. (Helps for translators, Volume VIII).

QUINN, K. 1979. Texts and contexts. The Roman writers and their audience. London: Routledge & Kegan Paul.

RICOEUR, P. 1976. Interpretation theory: discourse and the surplus of meaning. Fort Worth: The Texas Christian University Press.

RYAN, R. & VAN ZYL, S. Eds. 1982. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg: Ad. Donker.



STANTON, G.N. 1979. Presuppositions in New Testament criticism. (In Marshall, H.f. ed. New Testament interpretation. Essays on principles and methods. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co., pp.60-71.)

SWANEPOEL, J. 1984(a). Literatuurteorie, literatuurwetenskaplike metode en Christelike wetenskapsbeoefening. *Koers* 49(2):260-280.

SWANEPOEL, J. 1984(b). Metateks". 'n Vakfilosofiese vergelyking van twee analises van "Droogte" van Leon Strydom. *Literator* 5(3):59-91.

THISELTON, A.C. 1980. The two horizons. New Testament hermeneutics and philosophical description with special reference to Heidegger, Bultmann, Gadamer, and Wittgenstein. Exeter: Paternoster Press.

VAN DER BERG, B.H.J. 1984. Inleiding tot die belangrikste metodes in die moderne Literatuurwetenskap - 'n metodologiese benadering. *Koers*, 49(1):181-202.

VILJOEN, H. 1984. Die literêre sisteem van Dertig. *Literator*, 5(1):65-74.

VILJOEN, H. 1985. Literêre pragmatiek. Te verskyn in *Glossarium van literatuurwetenskaplike terme*.

WOLTERSTORFF, N. 1976. Reason within the bounds of religion. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

YEATS, W.B. 1973. The collected poems of W.B. Yeats. London: Macmillan.